# Elf vrae aan Michael Jordaan

**1 Wat dryf jou?**
Verskillende goed op verskillende tye. Ek geniet mense, veral wanneer jy in 'n leierskapsposisie is en mense hulself en jou verras deur dit wat hulle bereik. Waar ek nou in die lewe is, is die geluk van die mense vir wie ek lief is, eintlik die belangrikste ding. My dryfkragte het beslis geskuif soos wat ek ouer geword het.

**2 Hoe bly jy mededingend?**
Die uitdaging om beter te dink as die kompetisie, en dít rig my besluitneming. Jy gaan dinge vir jouself verskriklik moeilik maak as jou mededingendheid gerig word deur pogings om ander dinge, soos implementering, beter te doen. Jy moet dit óók goed kan doen, maar beter dink is die sleutel. Mense onderskat hoe belangrik dit is om geweldig wyd te lees.


**3 Wat is die rol van 'n leier?**
Dis nie soseer om goeie besluite te maak nie, maar eerder om goeie besluitneming te laat gebeur. Die verwagting dat daar hierdie super-leier is wat al die regte besluite neem, is nie my leierskapsmodel nie. 'n Goeie leier sal sê: "Hier is iets waarvan ek niks weet nie, maar wie van ons weet hoe om dit te doen?" En laat daardie persoon dan die leiding neem in 'n spesifieke situasie. So, ek delegeer in daardie opsig maklik.

**4 Wat maak jou opgewonde in die tegnologie-omgewing?**
Beslis 5G, want die behoefte wat mense aan data het, groei nou al vir twee dekades elke jaar met 60% – dis 'n ongelooflike koers. Jy kan dienste lewer wat nooit voorheen bestaan het nie; van opvoeding (jy het die beste opvoeders in die wêreld tot jou beskikking) tot reis (jy kan deur die Louvre gaan stap sonder om daar te wees) tot operasies wat dokters kan doen (sonder om in die teater te wees). Die nuwe groot skeiding in die wêreld gaan wees tussen mense wat toegang tot data het, en mense wat nie het nie.

Kragopwekking is opwindend, met sonkrag, maar ook kernfusie (nie kernfissie nie), wat skoner krag meer doeltreffend kan opwek. Ook die mediese wetenskap en tegnologie wat kan beteken dat ons almal 20 of 30 jaar ouer kan word as ons ouers.

Kunsmatige intelligensie is eintlik al 60 jaar met ons, maar in die ontwikkeling daarvan is ons eintlik deur teleurstelling ná teleurstelling. As jy kyk na ChatGPT is dit egter asof ons nou by 'n deurbraakpunt gekom het, waar die middele wat aangewend word om dit nog vinniger te ontwikkel, geweldig groot is. Die groei wat in dié gebied voorlê, gaan eenvoudig eksponensieel wees.

**5 Baie mense voel bedreig deur KI – wat is jou raad?** Jou werk gaan nie weggeneem word deur kunsmatige intelligensie nie, maar deur iemand wat kunsmatige intelligensie beter as jy kan gebruik. So, leer hoe om dit te gebruik, net soos wat tiksters moes leer om woordverwerkingsprogramme te gebruik. Dis wat ek vir my kinders sê: Leer hoe om hierdie ding te gebruik, en leer hoe jy kompenseer vir die foute daarin. Jy doen jouself 'n onguns deur jou rug daarop te keer.



Michael Jordaan op sy plaas Bartinney buite Stellenbosch. Foto: JACO MARAIS

**6 Wat dink jy daarvan dat die samelewing se etiese raamwerk vir besluite oor die gebruik van nuwe tegnologie veel stadiger ontwikkel as die tegnologie self?**
Dit was nog altyd so en dit sal nie anders wees met kunsmatige intelligensie nie. Jy kan diesel uitvind en jy kan dit gebruik vir 'n trekker en landbou, of jy kan dit gebruik in 'n tenk en verwoesting saai. 3D-drukkers kan gebruik word om vir jou 'n boek te druk, of jy kan 'n wapen druk. Kernkrag kan sorg vir 'n stad se elektrisiteit, of vir 'n bom wat 'n stad verwoes. Tegnologie is neutraal, maar oor die aanwending daarvan moet ons as mense besluit. Mense is dalk meer sensitief oor kunsmatige intelligensie omdat dit potensieel so 'n gevaarlike ding is, maar in beginsel is dit presies dieselfde as enige ander ding wat voorheen op tegnologiese gebied ontwikkel is.

**7 Het jy 'n wenk vir jong entrepreneurs?**
Kom so vinnig as moontlik by die kliënt uit. Mense kom dikwels na my met 'n idee en vra dat ek 'n nie-openbaarmakingsooreenkoms moet teken. Dis die een toets van hoe naïef jy is. En dan sê ek: Gaan google maar hoekom mense dit nie sal doen nie. Dis net 'n voorbeeld, maar hulle dink in daardie oomblik hul idee is geweldig kosbaar en iemand gaan dit by hulle steel en 'n miljardêr word. Dan wys dit vir my hulle het geen idee van hoe geweldig moeilik dit is om 'n idee te implementeer nie. Ongeveer 95% van enige besigheid gaan nie oor die idee nie, maar hoe jy dit gedoen kry. Die grootste vraag is hoe vinnig jy by die mark kan uitkom, want hoe vinniger jy dit doen, hoe laer is jou koste, en hoe vinniger begin jy leer by die mense wat werklik saak maak – jou betalende kliënte.

**8 Waar lê die balans tussen werk en lewe?**
Vir 'n groot gedeelte van my lewe het ek net gewerk, geheel en al uit balans uit. Ek glo nie dis moontlik om iets buitengewoons in die lewe te bereik en dan nog balans te hê nie. Jy kan nie die beste Wimbledon-tennisspeler wees én jy het 'n *great* gesinslewe én jy geniet jou wyn én jy reis nie. Dis 'n *trade off*, so daar is beslis opofferings vir sukses.

Waar ek nou in die lewe is, is 'n fase waar ek bietjie probeer inhaal op die goed wat ek misgeloop het. Familie, vriende, reis en gesondheid. By FNB het ek net gewerk en geslaap, en daar was altyd 'n rede om nie *gym* toe te gaan nie, want daar was altyd werk om te doen.

**9 Hoe reis jy?**
Deel van die vreugde van die lewe is nuwe lande en nuwe plekke, nuwe kosse, nuwe mense. Ek reis gemaklik in die opsig dat ek nie baie nodig het nie en nie in die beste hotelle hoef te bly nie. As 'n plek skoon is, is ek tevrede. Ek hoef nie by die duurste plekke te gaan eet nie; inteendeel, ek dink jy doen die beste as jy by 'n plek kom en kyk wat doen die plaaslike mense. Ek lees graag oor plekke waarheen ek reis, want dan het jy 'n heeltemal ander ervaring. Ek geniet Airbnb Experiences verskriklik en dis vir my 'n baie lekker nuwe manier om te reis. Dis altyd lekker om saam met my kinders te reis, en ek sê altyd vir hulle hulle kan die bestemming kies. Daar is 193 lande in die wêreld en ek dink nie ek was al by 60 nie. My dilemma is net vlugvlouheid, wat my hard tref.

**10 Wat geniet jy van Bartinney, jou wynplaas?**
Ek het op koshuis in Paul Roos naweke op die plaas gekuier by Ouma en Oupa en van vroeg 'n emosionele affiniteit vir die plaas gehad.

As jy 'n boer is, gaan ander boere jou nie ernstig opneem as jy nie ook kan kla nie. So, deel van die voorreg om 'n wynboer te wees, is dat dit jou sommer baie dinge gee om oor te kla – insetkoste, uitsetkoste, grond, arbeid, die regering, die weer… Maar die voordeel is uiteraard die leefstyl wat 'n ongelooflike voorreg is. Om hier te woon tussen die berge en deel te wees van die grond en die weer en om werksgeleenthede te skep wat andersins nie hier sou wees nie.

Die ander ding is die produk wat ons hier maak is uitstekend – nie oukei nie, uitstekend! Dis nogal lekker om vir buitelanders te kan sê ons het wyne hier wat pryse wen as die beste in die wêreld, die chardonnay en die cabernet wat by die IWSC in Londen in 'n blinde proe al die ander uitstof. Jy dink aan die volgende generasie – my dogter sal nou die vierde generasie op hierdie plaas wees. Wanneer jy iets op die plaas doen, dink jy aan die volgende generasie. Jy plant nie bome vir jou eie skadu nie, maar vir die volgende generasie. As jy dit eers besef, verstaan jy die lewe ook beter. Toe jy grootgeword het, het jy nie besef die bome waaronder jy speel, is vir jou geplant nie. Nou besef jy dit, want jy plant nou bome vir jou kinders en hul kinders.

**11 Bestaan die sogenaamde Stellenbosch-mafia?**
Man, of dit nou bestaan of nie bestaan nie, sê ek net soos Groucho Marx: "*I refuse to be a member of any club that will have me.*" As daar een is, het hulle my nog nie genooi nie.

**Ambassadeur van die Jaar**



**Die Kirstenbosch Nasionale Botaniese Tuin, 'n Kaapse pronkstuk, word 110 jaar ná die stigting daarvan steeds gereken as een van die wêreld se voorste botaniese tuine. Werner Voigt is die kurator wat dié akker bewerk en bewaar vir toekomstige geslagte. Hy het ook 'n diep persoonlike verbintenis met die tuin, want hy het self in dié tuin verloof geraak. Voigt is Donderdagaand aangewys as Die Burger, Netwerk24 en Kaapstad Sakekamer se Ambassadeur van die jaar. 'n Onderhoud met hom verskyn volgende week.**

# Daar klink ons 'n eier op ons eie mini-reünie

**Ons Wêreld**
Nolan Venter



Nou anderdag vat ek die pad na Oos-Londen vir 'n begrafnis. Om een of ander onverklaarbare rede beland ek by die verkeerde kerk waarvan die hekke en deure agter slot en grendel is.

Hoe nou gemaak? Dis presies die tyd waarop die begrafnis moet begin en ek sien glad nie kans vir 'n *grand entrance* by 'n diens waarby ek meer as 20 minute laat sou opdaag nie. Dan sal die fokus mos van die oorledene na my verskuif en vir daardie magdom oë het ek net eenvoudig nie kans gesien nie.

Die toe dat ek besluit om die stad so bietjie te verken. Min wetende dat die verrassing van my lewe op een van vele straathoeke op my wag. Langs een van vele vrugtestalletjies trek 'n silwer Isuzu-bakkie my aandag. Op die ingewing van die oomblik besluit ek om van die pad af te trek. Die oomblik toe my voete grondvat, staan hy eensklaps voor my. Onmiskenbaar my klasmaat van 50 jaar gelede!

Vir 'n goeie paar sekondes gaap ons uit ongeloof mekaar aan. Ons kommunikeer nou wel gereeld telefonies en op sosiale media, maar vir die eerste keer in jare sien ons mekaar van aangesig tot aangesig.

Ook nie lank nie, of ons sit in my motor en gesels 'n hond uit 'n bos. Ons draai die wysters 'n volle halfeeu terug, waar ons saam in ons st. 6-jaar in dieselfde skoolbank gesit het. Soos ondeunde seuns skaterlag ons oor herinnerings van desjare.

Ons geheimsinnige verhoudings met die Evas van ons tyd by 'n katolieke kloosterskool waar die nonne ons 24/7 met valkoë dopgehou het. Die tye dat ek skelmpies vir hom briewe aan sy ouers gepos het waarin hy kla oor die swak gehalte van die hostelkos. Die dag dat die kloostermoeder se worshond my 'n pynigende hap in my bobeen toegedien het.

Dan was daar die amperse tragedie toe twee medeleerlinge op een Saterdagoggend in die hostel se mangat vol riool beland het en die priester moes induik om hulle van 'n gewisse dood te red.

Ons hou so ons eie mini-reünie en dit voel kompleet asof die tyd stilstaan.

Ernest is ook nou 'n afgetrede staatsamptenaar wat deesdae met eiers en lemoene smous omdat die gesit by die huis hom verveel het. Nadat ons op vyf dekades se nuus opgevang het, stap ons soos twee ondeunde latte hand-om-die-lyf na sy voertuig.

Vanuit 'n roomysbak wat hy op sy enjinkap neerplak aas ons elkeen 'n gekookte eier. En toe klink ons 'n "dop" op 50 jaar se onwankelbare vriendskap. Met elkeen se eier ruim met sout en peper bestrooi, stuur ons dit spysverteringskanaalwaarts met 'n luide: "Laat hy val waar hy wil!" Nes watse drinkebroers.

Voor ons groet, vat ons net daar hande, dank ons Skepper vir ons jarelange vriendskap en bid vir vrede en versoening in 'n land verswelg deur soveel haat, geweld, wetteloosheid, afguns en politieke onverdraagsaamheid.

Toe ek my voertuig se neus met die draai van die son huiswaarts druk, bring die lied oor die radio 'n rustigheid oor my. Dis van die oerou groep Sandra & Andres.

Ek vang die noot en sing met my pensioenstemmetjie luidrugtig saam: "Why can't we be like storybook children?"

■ **Venter is 'n skrywer van Fort Beaufort.**

## Kan gekaapte staat enigsins ontkaap word?

**Joe Kleinhans, Annlin**

Hoe ontkaap jy 'n gekaapte staat?

Want dit is wat ons land is. Die kaping is endemies in staatstrukture ingebed. Die kaping van stedelike geboue is net nog 'n hoofstuk in ons kapingsgeskiedenis. Lees dit saam met die Zondo-verslae en die mafia-bedrywighede in velerlei nywerheidsektore.

Die Tshwane-metro se staking het lankal in 'n rampokkery ontaard. Hoekom tree die regering nie kragdadig toe om die situasie te ontlont nie?

Behalwe dat die ANC polities baat vind by die DA se dilemma is daar 'n beheerstruktuur in plek aan wie deurlopend verslag gedoen word en wie se bevele uitgevoer word.

Elemente van plaaslike strukture het gemaklike toegang tot provinsiale en nasionale strukture en steur hulle weinig aan wat op plaaslike vlak manifesteer. Dit gaan net om die gekaapte staat met sy korrupsie-bonusse in plek te hou. En al boodskap wat van bo kom, is stel die afgedanktes weer aan.

Die ANC-regering het 'n elite-struktuur wat voordeel trek uit die land se ekonomie, hetsy via hul kaderaanstellings of bonusse wat uit gekaapte strukture voortspruit.

En dat geen oranje oorpakke aan senior staatslui of politici uitgedeel is nie, is 'n bewys van hoe vernuftig die kapingsproses bedryf word. Wie is iets meer wys oor wie Eskom besteel?

En vir bostaande rede sal die regering alles in sy goed georganiseerde vermoë doen om 2024 se verkiesing regstreeks te wen, soos belowe.

Toelaes sal steeds 'n belangrike verkiesingsrol speel. En die ANC sal voortgaan om op voetsoolvlak te verkondig dis danksy hom dat minimum lone so goed aangepas word. Die ANC sorg vir die massa.

Wie gaan die verkiesing se duisende stembusse monitor? Wie gaan hul rug op die kapingstruktuur van die ANC draai? Wie sal dit na dese waag om 'n fluitjieblaser te wees en verkiesingsbedrog aan die kaak te stel?

'n Volstrekte ANC-meerderheid in die 2024-verkiesing mag die belangrikste veer in pres. Cyril Ramaphosa se hoed word.

## Kragstasies presteer net 'beter' danksy diesel

**JohanS, Walmer Downs**

Die ANC/Eskom lieg vir ons as hulle sê kragstasies presteer "veel" beter as 'n jaar gelede. Die rede waarom dit kwansuis "beter" gaan, is omdat hulle miljarde rande se diesel verbrand.

Uiteindelik gaan alles oor die verkiesing in 2024.

## Jy SMS

**Stuur jou SMS na 36260. SMS'e wat die skrywer se naam bevat, kry voorkeur.**

- Voorspoed Bokke, met jul deelname aan die Wêreldbeker. Ek glo dat harde werk jul geheime wapen gaan wees. Of julle nou die Wêreldbeker gaan wen of nie, daar sal maar altyd mense wees wat jul spel gaan beoordeel en veroordeel. – *Marthinus Bekker*
- So die SAUK gaan 16 van die Wêreldbekerwedstryde uitsaai, maar beurtkrag gaan verhoed dat minderbevoorregtes dit kan kyk omdat hulle nie kragopwekkers het nie. Hoe gaan jy rugby bevorder onder minderbevoorregtes? En dit nadat Rassie Erasmus in 'n uittreksel uit sy boek (07.09) verduidelik het hoe hard hulle vir transformasie werk. – *Francois Koegelenberg, Pniël*
- Raymond Ackerman verdien 'n staatsbegrafnis vir sy aandeel in die afbreek van rassisme in die werkplek in die apartheidsera. Lank lewe sy nalatenskap! Ons bid vir sy familie. – *Hugo Götze, Hermanus*
- Dis verstommend dat die presidensie blitsvinnig met 'n huldeblyk vir Raymond Ackerman voor die dag kon kom. Hoekom die presidensie hoegenaamd hierop gereageer het, was bloot om die stertjie te kon byvoeg dat hy nie 'n voorstander van apartheid was nie. Enigiets wat die ANC kan help om apartheid aan die hare by te sleep, sal hulle doen. Daar is niks waarop hulle self trots kan wees nie. – *Johan Pretorius*
- PW, kom kyk, die geweld duur voort en FW se teenwigte is soek. – *Quo Vadis*

## Jy op Facebook

**SAUK saai nou wel Rugbywêreldbeker se wedstryde uit:**

- Dis wonderlike nuus. Alle Suid-Afrikaners behoort Wêreldbekerwedstryde van die Bokke op TV te kan kyk, nie net diegene met geld vir DStv nie. – *Retha Hill*
- Ek is so bly om dit te hoor. Die Springbokke het almal se ondersteuning nodig! – *Riana Bruyns-Lombard*
- Nou waar kry die SAUK so skielik nou die geld vandaan? – Henk Spamer
- Dis nou nie in HD nie, maar ons kan darem wedstryde kyk sonder om op 'n Sondagaand na 'n kroeg toe hoef te gaan. – *Eduanne Dwin Niemand*
- Ek hoop dit is direkte uitsendings, want SAUK se uitsendings is gewoonlik 'n uur later. – *Roger Plaatjies*
- As dit nie direkte uitsendings is nie, is dit maar teleurstellend en 'n mors van geld. – *Dannii Daniel Theron*
- Vir die oorgrote meerderheid mense sal dit nie saak maak nie. – *Jack Petersen*
- Dit help net mooi niks as ons nie krag het nie! – *Ilse Engelbrecht*
- Nou moet Eskom nog net sy kant bring! – *Marinda Basson Joubert*


FRICK -ZIG-ZAG- NAAIMASJIENE HANDMODEL MOTORMODEL VOORTREKKERWEG 35, PAROW
DIE BURGER
MAANDAG, 10 SEPTEMBER 1973. NEGE-EN-VYFTIGSTE JAARGANG. PRYS VYF SENT.
LAASTE UITGAWE
VIR MEUBELS, MEUBELSTOWWE EN BEDDEGOED DUROS IS SUID-AFRIKA SE BESTE
BURGEROORLOG WOED OOR STEYN IN DIE V.P.
Van Ons Politieke Beriggewer
ALGEHELE burgeroorlog woed in die Verenigde Party ná die bedanking van mnr. Marais Steyn. Die verdeeldheid en verwarring in die party grens aan chaos.
Seun nog weg by Seepunt
SEE EIS 2 LEWENS IN NAWEEK
Lê oop

## 50 Jaar gelede | 10 September 1973

- **Burgeroorlog woed oor Steyn in die VP:** Algehele burgeroorlog woed in die Verenigde Party ná die bedanking van mnr. Marais Steyn. Die verdeeldheid en verwarring In die party grens aan chaos. Daar is geen sprake van 'n einde aan die hewige broedertwiste wat 'n week of drie gelede so ernstig deur die leier van die Opposisie, sir De Villiers Graaff, aangevra is nie.
- **Man loer af, pa skiet hom in die been:** 'n Blanke vader van vyf kinders is gisteraand in Welgemoed in die been gewond nadat hy na bewering 'n jong meisie in haar slaapkamer afgeloer het. Nadat die meisie alarm gemaak het, het haar vader die vermeende afloerder agternagesit en hom in sy regterbeen gewond.
- **Windhoek in klopjag gefynkam:** Die polisie van Windhoek het in die naweek in 'n grootskeepse operasie die stad van hoek tot kant gefynkam en alle bediendekwartiere in 'n soektog van huis tot huis deurgesoek na vier lede van Swapo wat gesoek word op aanklag dat hulle Bantoewerkers tot geweldpleging aangehits het.
- **Jong man in rivier vermis:** 'n Jong haarkapper van Robertson het gistermiddag vermoedelik in die Breërivier verdrink toe die kano waarin hy geroei het, omgeslaan het. Hy was die 25-jarige mnr. Paul Fouché.
- **Twee verdrink toe boot brand:** Die soektog na hotnotsvis nou dat die fabrieke gesluit is, het op Lambertsbaai tot die verdrinking van twee Kleurlinge gelei. Twee ander het ernstige brandwonde opgedoen. Die twee drenkelinge, Klaas Beukers en Willem Brand, het in die see gespring toe hul bootjie aan die brand geslaan het.
- **Vyf in Londen beseer toe bom ontplof:** Vyf mense is in die naweek lig beseer in Londen se nuutste bomvoorval by die Victoria-stasie. Drie bomme het ook gister in Manchester ontplof, maar niemand is beseer nie.
- **Florida-panter aan die uitsterf:** Die World Wildlife Fund het gewaarsku dat die Florida-panter ('n soort luiperd) besig is om uit te sterf. Daar is minder as vyftig in die hele Amerika oor, volgens 'n onlangse verslag.
- **Advertensie:** Checkers: Table Top-groenertjies (900 g) – 49c; Roers-boerewors (500 g) – 40c.